higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR-VLAK 4

(7601064)

20 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
NKR VLAK 4
VRAESTEL 1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Feite is ...

A 'n alternatiewe waarheid.
B waar en kan bewys word.
C fopnuus.
D realiteit wat nie bewys is nie.

1.2 Logiese denke toets 'n mens se vermoë om inligting te ...

A interpreteer.
B vorm.
C visualiseer.
D maak.

1.3 'n Tweede onderhoud beteken die kandidaat is ...

A ingelig dat hy/sy nie geskik is vir die werk nie.
B uitgenooi om die werkskontrak te onderteken.
C nog 'n stappie nader aan die werk.
D uitgenooi na 'n nuwe onderhoud omdat hy/sy die eerste onderhoud misgeloop het.

1.4 Wagstelling ('Picketing') gebeur ...

A binne die werkplek.
B buite die werkplek.
C in bestuurskantore.
D buitekant in die parkeerterrein.

1.5 Litigasie is die proses waar geskille in ... besleg word.

A 'n stamowerheid
B 'n onderhandelingsraad
C die onderhandelingsproses
D 'n hof

1.6 'n Bloedskenker moet ...

A in die ouderdomsgroep van 16–48 jaar wees.
B nie gereeld dwelms gebruik nie.
C 'n minimum van 50 kg weeg.
D 'n normale polsslag hê van tussen 80 en 100 slae per minuut.

Kopiereg voorbehou

1.7 Gesteelde verkiesings word gewoonlik in ... state gehou.

A outokratiese
B demokratiese
C konserwatiewe
D liberale

1.8 Reflektiewe denke beteken ...

A die belangrike doelwitte wat bereik moet word, word in gedagte gehou.
B die toekomstige doelwitte wat bereik moet word, word neergeskryf.
C jy verstaan wat jy gedoen het en hoekom dit belangrik is.
D jy skryf die vorige doelwitte neer wat jy nie bereik het nie.

1.9 Algemene verkiesings word gereeld in Suid-Afrika gehou omdat ...

A die OVK die mag het om verkiesingsdatums te bepaal.
B 'n opposisieparty kan stem om aan te dring op verkiesings.
C mense gewelddadig kan staak om aan te dring op verkiesings.
D die grondwet voorsiening maak vir gereelde verkiesings.

1.10 Posttraumatiese stresversteuring (PTSV) ...

A is 'n geestesongesteldheid wat veroorsaak kan word deur oorerflike faktore.
B kan veroorsaak dat 'n persoon ontstellende gebeure ervaar voordat dit gebeur.
C kan veroorsaak dat 'n persoon vir 'n kort tydjie ontstellende gebeure ervaar.
D kan veroorsaak dat 'n persoon ontstellende gebeure herleef deur terugflitse of nagmerries.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Probleemoplossing help om geheue te verbeter.

2.2 'n Stresfaktor is 'n behandeling vir stres.

2.3 Posttraumatiese stresversteuring kan maande of jare met snellers duur.

2.4 Dit is slegs werknemers se verantwoordelikheid om stres te hanteer.

2.5 'n Poging tot selfdood is 'n hulpkreet.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die relevante letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	'n Werker wat deur werkers verkies word om hulle te verteenwoordig in besprekings met die bestuur	A	arbeidsgeskil
3.2	Gebeur wanneer 'n werkgewer 'n kontrak sonder goeie rede beëindig	B	vakbond-verteenwoordiger
3.3	Werknemersgedrag wat onvanpas is vir die werkplek	C	vakbond
3.4	Gebrek aan eerlikheid deur werkgewer of werknemer	D	dispuutoplossing
3.5	Onenigheid tussen werkgewers en werknemers met betrekking tot arbeidsvoorwaardes;	E	arbeidsstaking
3.6	Die proses van partye wat onderhandel om 'n ooreenkoms te bereik	F	onregverdige ontslag
3.7	'n Vereniging van werkers wat gestig is om hul regte te beskerm en te bevorder	G	wangedrag
3.8	Die proses om geskille tussen partye op te los	H	kwade trou ('bad faith')
3.9	Werknemers wat as 'n massa weier om te werk.	I	onderhandeling
3.10	Die proses waarin die mense hul eise verminder om 'n ooreenkoms te bereik	J	dooie punt
		K	kompromeer
		L	indiensnemings-regte

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Om ... te studeer help studente om die inligting wat hulle geleer het maklik te onthou.

4.2 Reflektiewe strategieë help studente wanneer ...

4.3 Pad-... -maatreëls help om verkeersongelukke te verminder.

4.4 Die monitering van die stemmings-... dra by tot billike verkiesings.

4.5 Tydens die verkiesing van 'n ... regering kies kiesers rade en burgemeesters.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Ekstreme weerstoestande vereis spesiale vaardighede van bestuurders.

5.1.1 Noem DRIE weersomstandighede wat ongelukke kan veroorsaak.

5.1.2 Noem DRIE maniere waarop slegte weerstoestande uitdagings aan bestuurders stel.

(2 × 3) (6)

5.2 Wanneer bestuurders in slegte weer bestuur, moet hulle sekere wenke volg.

5.2.1 Noem TWEE maniere waarop bestuurders veilig in slegte weer kan bestuur.

5.2.2 Noem wat moontlik kan gebeur as bestuurders nie veiligheidsbewus is wanneer hulle in slegte weer bestuur nie.

(2 × 2) (4)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

Nicolette is 'n werknemer by Vuma and Sons Holdings. Sy het onlangs gekla dat die werk te veel druk op haar plaas. Sy moet ook na haar siek man omsien en vyf kinders grootmaak. Die kinders kla dat hulle nie versorg word nie. Sy kla oor te min slaap en 'n konstante spanningshoofpyn. Sy het 'n brief van die kollege ontvang wat aandui dat een van haar seuns geskors is weens boeliegedrag. Uit woede klap Nicolette haar seun.

Nicolette het oortyd gewerk sodat sy vir haar man se medikasie kon betaal. Sy het opgemerk dat haar bestuurder haar met werk oorlaai sedert sy gekla het dat sy verlede maand nie genoeg betaal is vir oortyd nie. Die bestuur sê dat hulle al die geld wat aan haar verskuldig is, betaal het. Sy is nie 'n vakbondlid nie. Sy voel dat haar regte geskend word. Een van die werknemers het haar aangeraai om te gaan op 'n sloerstaking ('go-slow') te gaan.

6.1 Nicolette ervaar ontsteltenis ('distress').

6.1.1 Sê wat jy onder ontsteltenis ('distress') verstaan. (1)

6.1.2 Noem TWEE geestesimptome ('mental symptoms') van die stres wat Nicolette mag ervaar. (2)

Kopiereg voorbehou

6.1.3 Stres kan 'n invloed hê op hoe 'n persoon sy/haar werk doen.

Afgesien van die bogenoemde scenario, noem TWEE maniere waarop stres 'n persoon se werksituasie kan beïnvloed. (2)

6.1.4 Noem TWEE strategieë wat jy sou voorstel die bestuur moet implementeer om werknemers te help met die bestuur van *STRES*. (2)

6.2 Kinders het versorging en leiding nodig.

6.2.1 Noem TWEE maniere waarop ontsteltenis ouerskap kan beïnvloed.

6.2.2 Noem TWEE gevolge van kindermishandeling.

(2 × 2) (4)

6.3 Werk is om verskeie redes van groot belang.

6.3.1 Gee TWEE redes waarom werk belangrik is.

6.3.2 Waar kan Nicolette kla as sy voel dat sy nie genoeg betaal word vir oortyd nie?

(2 × 2) (4)

6.4 Ongelukkige werknemers moet reëls rakende stakings verstaan.

6.4.1 Verduidelik die term *sloerstaking* ('go-slow'). (1)

6.4.2 Sal jy Nicolette aanraai om op die sloerstaking te gaan? Antwoord "Ja" of "Nee" en gee een rede vir jou antwoord.

(2 × 1) (2)

6.5 Ongelukkige werknemers moet wetgewing gebruik om hul regte te beskerm.

6.5.1 Wat sou jy vir Nicolette voorstel in plaas van 'n sloerstaking?

6.5.2 Wat kan gebeur as die werkgewers voortdurend versuim om na Nicolette se klagtes te luister?

(2 × 1) (2)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die teks hier onder en beantwoord die vrae.

HOEVEEL SLAAP KOLLEGESTUDENTE?

Sleutelkonsepte:

- Meer as die helfte van die studente slaap minder as sewe uur per nag gedurende 'n tipiese semester.
- Gedurende die laaste week van die eindeksamen, slaap die gemiddelde universiteitstudent slegs 6,36 uur per nag.
- Slaapgebrek verswak kognitiewe prestasie, belemmer 'n mens se gemoedstoestand, verhoog die risiko van depressie en gewigstoename, en kan lei tot bestuursongelukke.

[Bron: *https://www.sleepfoundation.org/school-and-sleep/final-exams-and-sleep*]

7.1 Studente kan makliker voorberei as hulle genoeg slaap. Studente wat nie kan konsentreer nie, sal sukkel om vir die eksamen voor te berei.

7.1.1 Noem TWEE foute wat studente in 'n eksamen maak as hulle nie genoeg slaap nie. (2)

7.1.2 Gee TWEE strategieë wat jy aan studente sou voorstel om te verhoed dat hulle die foute maak wat jy in VRAAG 7.1.1 genoem het. (2)

7.1.3 Noem DRIE belangrike punte wat studente moet onthou wanneer hulle 'n eksamen skryf. (3)

7.2 Werknemers wat nie genoeg slaap nie, kan moeg word en nie hul pligte uitvoer nie, en as dit oor 'n tydperk voortduur, kan hulle uiteindelik depressief raak. Hulle is geneig om gedurende werksure te slaap.

7.2.1 Slaap by die werk is wangedrag.

Verduidelik die term *wangedrag*. (2)

7.2.2 Noem DRIE gevalle van werknemerwangedrag. (3)

7.2.3 Noem TWEE moontlike resultate wanneer 'n werknemer skuldig bevind word aan wangedrag. (2)

7.2.4 Noem TWEE veranderinge wat vir werkgewers aanbeveel kan word om werknemers te help om *depressie* te bestuur. (2)

7.3 Bestuurders wat vaak is, is meer geneig om in ongelukke betrokke te wees.

7.3.1 Noem TWEE maniere waarop 'n gebrek aan slaap 'n invloed op 'n persoon se bestuursvernuf kan hê.

7.3.2 Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat bestuurders kan toepas om te verhoed dat hulle bestuur terwyl hulle vaak is.

(2 × 2) (4)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *wedishamerican.org/swedes-health-blog/five-ways-keep-your-relationship-healthy-during-postpartum-dep*]

8.1 Nageboortelike depressie begin gewoonlik later en duur langer as bababedruktheid ('baba-blues').

8.1.1 Sê wat is *nageboortelike depressie.* (2)

8.1.2 Noem die verskil tussen *depressie* en *nageboortelike depressie.* (2)

8.1.3 Noem TWEE moontlike oorsake van nageboortelike depressie. (2 × 2) (4)

8.1.4 Noem TWEE simptome van nageboortelike depressie. (2)

8.2 Ouers moet kinders respekteer om 'n gesonde verhouding aan te moedig.

8.2.1 Gebruik logiese denke en noem TWEE maniere waarop ouers kinders moet respekteer.

8.2.2 Gebruik reflektiewe denke en gee TWEE redes waarom dit belangrik is om kinders te respekteer. (2 × 2) (4)

8.3 Vroue wat aan nageboortelike depressie ly, het ondersteuning nodig.

8.3.1 Noem DRIE maniere waarop gesinne, familie en vriende ondersteuning kan bied. (3)

8.3.2 Noem DRIE ondersteuningstrukture vir nuwe ouers. (3)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



VRAE VIR GROEPSONDERHOUDE

[Bron: // *https://www.best-job-interview.com/group-interview-questions.html*]

9.1 Groepsonderhoude is gewild in sekere bedrywe en maatskappye.

9.1.1 Gee die betekenis van die term *groepsonderhoud*. (2)

9.1.2 Noem DRIE vaardighede wat tydens groepsonderhoude getoets word. (3)

9.1.3 Gee TWEE tipiese vrae vir groepsonderhoude. (2)

9.1.4 Gee DRIE riglyne oor hoe om voor te berei vir 'n groepsonderhoud. (3)

9.2 Jou gedrag en wat jy tydens 'n groepsonderhoud sê, kan sukses verseker.

9.2.1 Noem DRIE maniere om op te tree wat 'n deelnemer tydens 'n groepsonderhoud kan laat uitstaan. (3)

9.2.2 Noem DRIE optredes wat 'n deelnemer moet vermy. (3)

9.2.3 Noem DRIE maniere waarop kandidate nie tydens 'n groepsonderhoud vrae moet beantwoord nie. (3)

9.2.4 Verduidelik waarom dit belangrik is om te knik (jou kop afwaarts en opwaarts beweeg) tydens 'n groepsonderhoud. (1)

[20]

VRAAG 10

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *https://d1d8vslyhr7rdg.cloudfront.net/Pictures/1024x536/6/0/3/30603_Is_grievance.jpg*]

10.1 Ongelukkige werknemers verklaar gewoonlik 'n grief of maak 'n dispuut by die KVBA aanhangig.

10.1.1 Verduidelik kortliks wat 'n *grieweprosedure* in die werkplek is. (2)

10.1.2 Sê wat jy verstaan onder *'n griefverhoor* in die werkplek. (2)

10.1.3 Gee VIER voorbeelde van arbeidsgeskille wat na die KVBA verwys kan word. (4)

10.2 Soms kan griewe stakings veroorsaak om arbeidsgeskille op te los.

Skryf 'n paragraaf van VYF sinne om te evalueer waarom vakbonde 'n staking sal uitroep. (5)

10.3 Die oplossing van griewe en geskille help om 'n vreedsame werksomgewing te skep.

10.3.1 Noem DRIE metodes om dispute te besleg. (3)

10.3.2 Noem VIER voordele om werknemersgeskille op te los deur reflektiewe denke. (4)

10.4 Verkiesings gee mense die reg te kies wie regeer.

10.4.1 Noem TWEE maniere waarop kiesers op verkiesingsdag moet optree. (2)

10.4.2 Noem kortliks DRIE rolle van die OVK in verkiesings. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou